IMPAK ONDERWYSDIENS BK
Reg. nr.: CK2005/041089/23
Straatadres: Rivierweg 139, Lyttelton, 0157
Posadres: Posbus 15132, Lyttelton, 0140, SA.
Tel.: +27 (0) 12 664 8552 / 082 561 0131
Faks: 0865053050/0865053073/0865053077/0865291155
E-pos: hulpsentrums@impakonderwys.co.za
Webblad: www.impakonderwys.co.za

AANSOEK OM LISENSIËRING AS HULPSENTRUM WAT IMPAK SE, PRODUKTE, DIENSTE EN KWALIFIKASIES VIR 2011 WIL HUUR.

Hiermee doen ek (volle name en van) ....., eienaar of gevolmagtigde van

(hulpsentrum.)..... aansoek om as 'n hulpsentrum gelisensieer te word wat Impak Onderwysdiens BK se produkte en dienste vir 2011 huur.

Ek begryp en stem in dat:

1. hulpsentrums wat nie as onafhanklike skole geregistreer is nie, nie skole is nie en nie soos skole bedryf mag word nie,
2. hulpsentrums instansies is wat bona fide hulp verskaf, binne die bepalings van die Nasionale Skole Wet (artikels 3, 4 en 51), aan gesinne wat hul eie kinders tuis leer,
3. enige afwyking van die beleid en kontrak tot die opskorting van Impak se huurkontrak aanleiding kan gee,
4. die sentrum en ouers outomaties onder die juridiese beskerming van die Pestalozzi Trust geplaas word en dat die gelde van die Pestalozzi Trust reeds by die huurgeld wat die sentrum aan Impak betaal en die pakketfooie wat die ouers aan Impak betaal, ingesluit is.
5. indien dit bewys kan word dat ek of my hulpsentrum ten opsigte van enige van die bepalings van die hierdie onderneming nalatig opgetree het, ek ten volle en finaal aanspreeklik gehou kan word vir enige en alle skade, finansieel of andersins, wat Impak of die ouers a.g.v. sodanige bewese nalatigheid gely het,
6. Impak Onderwysdiens BK die reg het tot regshandelinge indien enige bewese nalatigheid of kwaadwillige handelinge of praatjies, Impak se beeld en goeie naam skade berokken,
7. ouers individueel alternatiewe reëlings met Impak kan tref vir die voortsetting van die leerders se studies indien Impak se huurkontrak met die sentrum beëindig sou word,
8. elke ouer deur voltooiing van die Impak-inskrywingsvorm 'n kontrak met Impak Onderwysdiens BK sluit en aanspreeklik is vir die vereffening van die huurgeld.
9. geen vakruilings gedoen sal word voordat betaling daarvoor vanaf die rekeningpligtige ontvang is nie,
10. Impak Onderwysdiens BK al sy produkte en dienste aan sentrums verhuur en die onvervreembare eienaar bly van al die produkte en dienste wat aan die sentrum verhuur word.
11. Impak sy produkte en dienste verhuur en aflewer slegs nadat minstens een derde van die sentrum se huurgeld en al die kliënte se intreefooie op Impak se bankrekening wys, 'n bewys van inbetaling ontvang is en die betaling deur Impak erken is,
12. indien die sentrum ophou om te bestaan, van Impak onttrek, kanselleer om 'n sentrum te wees, voorhou dat Impak se produk en/of dienste nie verder benut gaan word nie, alle Impakprodukte en kopiëe daarvan onmiddellik uit die sentrum verwyder sal word en onverwyld aan Impak terug besorg sal word en dat geen Impakproduk of kopie daarvan verder gebruik sal word nie,
13. indien die sentrum leerders by die sentrum inskryf, en voorsien van Impak se produkte (die oorspronklike óf gekopieërde weergawe), maar nie die leerder by Impak inskryf of nie 'n skriftelike reëling tref betreffende die rede waarom die leerder Impak se lesinhoud gebruik, maar nie by Impak ingeskryf is nie, hou Impak die sentrum se eienaars aanspreeklik vir enige finansiële skade wat Impak mag ly en hou Impak hom die reg voor om onmiddellik die huurkontrak met die sentrum op te skort en om die sentrumeienaar/s te laat vervolg vir diefstal en bedrog,
14. die sentrum se eienaars, bestuur en leerkragte Impak se kantoor per afspraak sal besoek en dat die afsprake beperk sal wees tot Impak se kantoorure,
15. die sentrum alle werk wat in ontvangs geneem word dadelik sal kontroleer vir volledigheid en om binne 5 dae nadat 'n pakket per pos of koerier in ontvangs geneem is, enige tekorte of foute aan Impak te meld. Versuim om foute en tekorte binne die tydgleuf aan te meld sal meebring dat sentrums enige fout of tekort wat na die 5 dae periode ondervind word uit sentrumfondse sal moet regstel,
16. sentrums self met 'n koerier sal reël om, op die sentrum se koste, alle werk per afspraak by Impak af te haal,
17. indien 'n sentrum nie 'n koerier stuur om die werk af te haal nie, Impak die werk per geregistreerde pos of koerier sal stuur en dat die sentrum vir die posgeld gefaktureer sal word,
18. sentrums wat self hulle werk by Impak kom afhaal, altyd twee gevolmagtigdes sal stuur wat saam met Impak se personeellid die inhoud van die bestelling kan kontroleer en die bestelling onder handtekening in ontvangs kan neem,
19. Impak, nadat die bestelling volgens punt 18 geskied het, sal aanvaar dat die sentrum se bestelling korrek en volledig uitgevoer was. Alle aansuiwerings en regstellings sal as 'n nuwe bestelling hanteer word, nadat volle betaling daarvoor ontvang is.

Ek onderneem:

1. om die bepalings en vereistes in die dokument "IMPAK SE HULPSENTRUMBELEID VIR 2011" te ken en dit na te kom,

2. om die jaarlikse huurgeld (49c per folio, een kant gedruk) soos in die dokument "IMPAK SE HULPSENTRUMBELEID VIR 2011" uiteengesit word, te betaal en om die bewys van betaling by hierdie aansoek in te sluit.
3. om nie Impak se produk wederregtelik te gebruik nie of sonder Impak se **skriftelike** toestemming te kopieër nie,
4. om alle inskrywings- en vrywaringsvorms volledig/korrek te laat voltooi, wetende dat dit regsdokumente is,
5. om elke nuwe leerder se volledig/korrek voltooide sentrum-inskrywingsvorm, waarop die unieke identiteitsnommer, kontakbesonderhede en name van die ouers/voog aangebring is, aan Impak te besorg alvorens enige studiemateriaal deur Impak aan die leerder uitgereik sal word,
6. om saam met elke Impak sentrum-aansoekvorm ook 'n afskrif van die leerder se aansoeksvorm by die hulpsentrum en sy vrywaringsdokumentasie aan Impak te verskaf,
7. om seker te maak dat ouers wat verkies om af te betaal, dit wel doen,
8. om **elke maand 'n bewys van die ouers se betaling** aan Impak in te vorder, dit op lêer te plaas, op spreistate aan te teken en die opgedateerde spreistate per faks of e-pos aan Impak te besorg,
9. om Impak binne 5 werksdae, skriftelik, te verwittig van enige leerder wat van 'n hulpsentrum onttrek,
10. om alle korrespondensie vanaf Impak, die Onderwysdepartement of ERCO te bestudeer en daarop ag te slaan,
11. om alle inligting/korrespondensie stiptelik aan elke leerder se ouers te besorg,
12. om, indien Impak nog nie met die sentrum kontak gemaak het nie, elke maand Impak se kantoor teen die 25ste (of die naaste weeksdag daaraan) te skakel vir bevestiging van betalings, nuwe inskrywings en vakveranderings,
13. om op eie koste Impak se hulpsentrumvergaderings en voortgesette sentrum opleiding by te woon,
14. om die dienste waarvoor ouers die hulpsentrum betaal, soos belowe, te lewer,
15. om die integriteit van eksamens te verseker deur die eksamens volgens Impak se bepalings en reëls af te neem,
16. om enige en alle portefeuljewerk van leerders aan Impak vakouteurs te versend, indien dit vereis word,
17. om ouers aan te moedig om hul kinders na Impak se aktiwiteite soos kampe en winterskole te neem,
18. om toe te sien dat die graad 12's volledig en omvattend voorberei sal word vir die eindeksamen, en dat deeglike hersiening van die jaar se werk gedoen sal word en ou vraestelle tot minstens die week voor die eindeksamen uitgewerk sal word.
19. Om geen oorplasing sonder volledige afhandeling van rekening en uitstaande gelde by vorige sentrum te aanvaar nie.

Ek lê my neer by die bostaande bepalings en by die bepalings soos vervat in Impak se inskrywingskontrak en onderneem om dit streng na te kom.

Hierdie sentrum begryp en stem in dat **Impak** self **elke gesin** wat met hom kontrak gesluit het, se gelde sal **invorder** en dat die sentrum en sy eienaars nie verantwoordelik of aanspreeklik gehou sal word vir enige uitstaande of oninbare gelde van gesinne nie.

Handtekening van wettige eienaar/lid/trustee/aandeelhouer: .....

Handtekening van getuie: .....

Ondertekening:
By ondertekening van hierdie aansoek deur die aansoeker en Impak Onderwysdiens BK se gevolmagtigde, word die hulpsentrum se aansoek goedgekeur en kom 'n bindende kontrak tussen die aansoeker en Impak Onderwysdiens BK tot stand.

'n Gewaarmerkte afskrif van die identiteitsdokument/ kaartlisensie van elkeen van die eienaars van die sentrum moet hierdie getekende kontrak vergesel.

Hiermee bevestig ek, ... (gevolmagtigde se naam en van), dat ek die Hulpsentrumbeleid vir 2011 deeglik bestudeer het en my vereenselwig met wat daarin staan en onderneem om dit te eerbiedig en uit te voer.

Handtekening: ..... ID:_____ Datum: .....
(Eienaar of gevolmagtigde in geval van 'n regspersoon)

Hulpsentrum naam:_____

Hulpsentrum se fisiese adres:_____

Hulpsentrum se posadres:_____

Telefoon:_____Faks:_____Selfoon:_____ E-pos:_____

Naaste bloedverwant maar wat nie dieselfde adres deel nie:

Volle name en van:_____ID:_____

Verwantskap:_____

Adres:_____

Telefoon:_____Faks:_____Selfoon:_____E-pos:_____
(Ingesluit `n gewaarmerkte afskrif van ID/kaartlisensie van eienaar/s; lede; aandeelhouers; trustees)

Goedkeuring van aansoek:

Impak Onderwysdiens BK keur die aansoek goed: Gevolmagtigde: .....

Getuie: .....

Toegewysde Sentrum lisensienommer:.....